


# "Ek het nog nooit tevore gestem nie. Ek stem nou Nasionale Party."

"My naam is Colin Wainer, ek's 'n professionele vryskut fotograaf, ek is 35 jaar oud en ek het nog nooit gestem nie. Nog altyd gedink politiek is vir politici.

Onlangs het die Nasionale Party se advertensie-agentskap my gehuur om fotos te neem van mense wat die NP endosseer. Vir my was dit maar net nog 'n lekker opdrag.

Ondere andere het ek 'n hele klomp gewone swartmense wat gaan NP stem, gefotografeer. Natúúrlik het ons gesels, selfs 'n bietjie politiek gepraat en ek moet sê hulle straatvlak politieke insig en hulle toewyding aan die NP het my nogal beïndruk.

Maar eers toe ek die advertensies bestudeer om te sien hoe my fotos lyk, het ek gesien presies hóé sterk hulle vir die NP voel. Die meeste is gedreig, selfs met die dood, hulle kinders is geïntimideer en een vrou deursoek haar motor vir bomme elke keer voor sy ry – net omdat hulle wil NP stem in die townships. Die treffendste vir my was dat nie één dit eers genoem het terwyl ons gewerk het nie.

Nogtans het hulle aangebied dat miljoene hulle sien in die koerante, insluitende hulle intimideerders. Een oumatjie het gesê: *"Let them kill me. There will always be someone else who stands up for the NP. I shall be at the polling station on the 27th with a badge with Mr de Klerk's face on it. So everyone will know who I'm voting for."*

Ek het myself geskaam voor hulle moed. Nie net het ek besef ek het nog nooit gestem nie, maar ook dat ek nog nooit opgestaan het vir dít waarin ek glo nie – ek het nooit besef hoe belangrik dit is nie.

Ek het die advertensie-agentskap gebel en gesê ek wil ook die NP endosseer. Miskien verloor ek 'n opdrag of twee, maar vergelyk met die risiko's wat húlle loop, is dit niks. Ek dra my stem op aan hulle dapperheid.

En vir julle twyfelaars daarbuite wil ek byvoeg: niemand word betaal vir hierdie advertensies nie. En vir julle wat nog nooit besef het het hoe bevoorreg julle is om vry en veilig te kan stem nie, sê ek: leer iets van hierdie mense. Hulle wéét hoekom hulle hierdie kanse vat.

Ondersteun hierdie dapper mense. Stem Nasionale Party."

**WEES SEKER VAN 'N BETER LEWE**

**Stem vir FW de Klerk en die nuwe Nasionale Party**

NP Nasionale Party



X

Opgestel en uitgereik deur Marthinus van Schalkwyk, Marksgebou, Parlementstraat, Kaapstad.

OPTIMUM MARKETING COMMUNICATIONS 22651/A